higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BOUADMINISTRASIE N4

(4090034)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

061Q1E2217

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Hysers vir werkers kan gedefinieer word as …

A hysbakke wat laste opwaarts vervoer.
B hystoestelle wat laste vertikaal vervoer deur middel van 'n bewegende platform.
C vervoer tussen persele.
D bande wat laste horisontaal vervoer.

1.2 Bouershyskrane kan gedefinieer word as …

A toestelle wat bouterreine tydelik van water voorsien.
B toerusting wat hoë plekke kan bereik.
C toestelle wat laste deur middel van 'n haak aan 'n tou ophys.
D kraggedrewe loodgieterstoerusting wat na 'n voël vernoem is.

1.3 Vrydraerkrane bestaan uit 'n …

A verlengbare hidrouliese kraanarm wat deur kraanbalke gestabiliseer word.
B roterende kraanarm bo-op die toring.
C vliegkraanarm ('fly jib') wat bo-op die hoofkraanarm vasgemaak is.
D selfgedrewe krane.

1.4 Toringkrane is …

A vrydraerkrane.
B bo-op 'n toring geplaas.
C galgkrane ('derrick cranes')
D loopmaskrane ('mobile mast cranes')

1.5 Teleskoopkrane …

A kan hulle hyskapasiteit vergroot.
B is op wiele of spore gemonteer.
C werk op krane.
D kan maklik uitmekaar gehaal word.

1.6 Die kraan met 'n hefboom wat tot sy maksimum lengte uitskuif, word 'n … genoem.

A klimtoringkraan
B gestutte kraan
C kapasiteitkraan
D teleskoopkraan

Kopiereg voorbehou

1.7 Die hyskrane wat oor die algemeen op Suid-Afrikaanse terreine waargeneem word, is …

A toringkrane.
B blokke.
C vaste hyskrane.
D loopkrane.

1.8 'n … kan van terrein tot terrein beweeg sonder om uitmekaar gehaal te word.

A Maskraan
B Loopkraan
C Vrystaande kraan
D Steier

1.9 'n Haakblok is die raam wat die … van 'n kraan vashou.

A hyskraanarm
B teenkraanarm
C swenkkraanarm
D katrol

1.10 … word op spore gemonteer en kan 'n beperkte afstand op die bouterrein beweeg.

A Loopkrane
B Vaste hyskrane
C Mobiele krane
D Teleskoopkrane

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Fakture moet teenoor bestellings van die koopafdeling gekontroleer word.

2.2 Fakture is versoeke om betaling.

2.3 Fakture moet gehou word vir enige navrae tydens die finale boekhoustadium.

2.4 Elke faktuur moet twee keer en dubbel die prys betaal word om agterstallige betalings te vermy.

2.5 'n Afskrif van die faktuur moenie die betaling vergesel nie.

2.6 Die kontrakteur moet daarop aandring om kwitansies te ontvang.

2.7 'n Kwitansie is 'n bewys wat die verskaffer uitreik om te sê dat betalings nie vooruit gedoen moet word nie.

Kopiereg voorbehou

2.8 Kwitansies moet nooit met daaropvolgende fakture of enige ander kontrakdokumente vergelyk word nie.

2.9 Dit is goeie praktyk om gereeld 'n staat van die mees onlangs gefaktureerde items en betalings aan te vra.

2.10 Vir kontrakwerk moet die koper alle bestellings vir materiaal en aanleg betyds plaas.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Tender wat aan alle bouers oop is	A	rotasie
3.2	Soort tender wat dikwels in die privaatsektor gebruik word	B	oop tender
3.3	Gewilde metode in regeringsdepartemente wat vir baie bouers die kans gee om te tender	C	geslote tender
3.4	Geraamde pryse en kortste konstruksietyd	D	onderhandeling
3.5	Wanneer 'n werkgewer 'n ooreenkoms met 'n bouer aangaan wat voorheen vir hom/haar gewerk het	E	spekulasie
3.6	Plaas die firma se eie geld op die spel om woonstelle te bou	F	tender
3.7	Vertel vir mense van 'n bouer wat in verbouings spesialiseer	G	onderhandelingstender
3.8	Wanneer goeie werk sy eie advertensie is danksy goeie dienste en gehalte wat oor 'n lang tydperk opgebou is	H	reëling
3.9	Baie soortgelyk om te onderhandel en nie op mededinging gebaseer nie	I	reputasie
3.10	Vaste ooreenkoms met kettingwinkels, banke en ander landswye maatskappye	J	aanbeveling

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 'n …-program help om die kontraktydperk vas te stel.

4.2 Die … of faseprogram gee meer duidelikheid oor kwessies soos arbeidspanne.

4.3 Die … is die sleutel tot simbole wat vir stawe gebruik word.

4.4 Die …-datum dui aan wanneer werk klaargemaak moet word, soos in die kontrak ooreengekom.

4.5 'n … is 'n skedule met take wat in 'n bepaalde volgorde in 'n spesifieke tydgleuf verrig moet word.

4.6 Slegs 'n suksesvolle tender berei die …-program voor.

4.7 Die vorderingskaart is 'n staafgrafiek en word ook 'n …-skema genoem.

4.8 Die …-datum is die kontrakteur se mikpunt om voor die voltooiingsdatum klaar te maak.

4.9 Op 'n program moet die teikendatum op 'n tyd voor die …-datum aangedui word.

4.10 … is dik horisontale lyne wat die tydsduur van sekere werksaamhede verteenwoordig.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Maak netjiese, benoemde sketse van elk van die volgende soorte steierwerk:

5.1.1 Vakwerksteier ('truss-out scaffold')

5.1.2 Vrystaande steier

(2 × 10) (20)

5.2 Noem SEWE regulasies met betrekking tot die veilige oprigting van 'n steier. (7)

[27]

VRAAG 6

6.1	Noem TWEE riglyne vir die inspeksie van skoring.	(2)
6.2	Noem TWEE oorsake van die ineenstorting van strukture.	(2)
6.3	Maak 'n netjiese, benoemde skets om te wys hoe 'n enkele lugskoor gebruik word om 'n swak muur te ondersteun.	(10)
		[14]

VRAAG 7

7.1	Gee VYF redes waarom dit nodig kan raak om van die oorspronklik beplande program af te wyk.	(5)
7.2	Noem VIER doelwitte van doeltreffende en doelmatige beplanning.	(4)
7.3	Berei 'n voortenderprogram voor vir 'n kontrak wat tussen 10 en 14 maande behoort te neem om te voltooi.	(10)
		[19]
	TOTAAL:	**100**

Kopiereg voorbehou